education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN - 2007

**AFRIKAANS TWEEDE / ADDISIONELE TAAL V3**

**STANDAARDGRAAD**

**FEBRUARIE/MAART 2007**

**102-2/3**

**PUNTE: 80**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye, wat die bylae insluit.**

X05

AFRIKAANS TWEEDE/ADDISIONELE TAAL SG: Vraestel 3

102 2 3 SG

GAUTENG

*Kopiereg voorbehou*

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye. Maak seker dat jou vraestel volledig is.

2. Maak seker dat jou eksamennommer op die antwoordboek reg is.

3. Beantwoord EEN vraag uit elkeen van die afdelings A, B en C.

4. Skryf duidelik en leesbaar.

5. Skryf die nommer van die onderwerp wat jy kies bo-aan.

6. Gee spesiale aandag aan spelling, taal en sinskonstruksie.

7. Ons beveel aan dat jy jou werk deurlees voordat jy dit inlewer.

8. Dui die aantal woorde aan die einde van elkeen van jou skryfstukke aan.

9. Doen VRAAG 3.1 op BYLAAG A.

10. Doen VRAAG 3.2 op BYLAAG B.

11. Doen VRAAG 3.3 op BYLAAG C.

Kopiereg voorbehou

## AFDELING A : LANGER SKRYFSTUKKE

### VRAAG 1

Skryf 'n opstel van ongeveer 250 - 300 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe:

1.1. VERHALENDE OPSTEL

**'n Interessante storie**

'n Interessante ding het in julle dorp gebeur. Almal praat nou daarvan. Selfs die SABC het iets oor die storie gewys.

Vertel die interessante storie.

Hou die volgende in gedagte:

- Wat het gebeur?
- Waar het dit gebeur?
- Wanneer het dit gebeur?
- Wat was die mense in die dorp se reaksie?
- Wat is die gevolge van die interessante storie?

**OF**

1.2. BESKRYWENDE OPSTEL

**My broer of suster se troue**

Jou broer of suster het verlede naweek getrou. Beskryf die troue.

Hou die volgende in gedagte:

- Beskryf die plek waar die troue was.
- Beskryf hoe die bruid, bruidegom, strooimeisie(s), strooijonker(s) en gaste gelyk het.
- Beskryf wat by die troue gebeur het.
- Beskryf waar die onthaal was en hoe die plek gelyk het.
- Beskryf wat julle almal by die onthaal geëet en gedoen het.

**OF**

1.3. BESPIEGELENDE OPSTEL

**Jongmense en vrye tyd.**

Jy sit dikwels en wonder oor tyd en wat mense met hulle tyd doen. Die ding waaroor jy die meeste wonder, is wat mense, en veral jongmense met hulle vrye tyd doen.

Skryf jou gedagtes oor vrye tyd neer.

Hou die volgende in gedagte:

- Wanneer is tyd vrye tyd?
- Wat doen jongmense in hulle vrye tyd?
- Is dit goed vir jongmense om vrye tyd te hê?
- Wonder jy ook of jy jou vrye tyd goed gebruik? Verduidelik.

**OF**

Kopiereg voorbehou

1.4. VERDUIDELIKENDE OPSTEL

**Ons eie groentetuin**



[Uit: *Human and Social Sciences*]

Die ouers van die skool wil met 'n projek begin om groente te plant sodat almal gesond kan eet en om geld in te samel. Jy het 'n ander groep met so 'n projek gehelp en daarom het hulle jou gevra om hulle te help met die projek.

Skryf 'n opstel waarin jy vir hulle verduidelik wat om alles te doen.

Hou die volgende in gedagte:

- Verduidelik hoekom so 'n groentetuin belangrik is.
- Verduidelik hoe die grond voorberei moet word.
- Verduidelik hoe die saad gesaai moet word.
- Noem wat alles geplant kan word.
- Verduidelik hoe na die tuin gekyk moet word.
- Verduidelik hoe hulle die groente onder mekaar kan uitdeel of verkoop.

**OF**

1.5 ARGUMENTERENDE OPSTEL

**Leef ons gesond?**

Om gesond te lewe moet 'n mens hard werk, hard leer en gereeld aan sport deelneem. Stem jy saam?

Skryf 'n opstel waarin jy jou opinie hieroor gee.

Hou die volgende in gedagte:

- Is alles wat ons eet en drink gesond?
- Slaap ons genoeg?
- Doen ons genoeg oefening?
- Werk ons nie te hard nie?
- Ontspan ons genoeg?

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B: KORTER SKRYFSTUKKE

### VRAAG 2

- Doen net EEN vraag in hierdie afdeling.
- Elke vraag in hierdie afdeling tel 20 punte.
- Die inhoud van die vraag moet 120 - 150 woorde lank wees.

2.1 VRIENDSKAPLIKE BRIEF

**'n Oulike kêrel of meisie in my lewe!**

Skryf ‘n brief aan ‘n vriend of vriendin waarin jy hom/ haar vertel van die oulike nuwe kêrel of meisie wat jy ontmoet het.

Hou die volgende in gedagte:

- Waar en hoe het jy hom of haar ontmoet?
- Hoe lyk die persoon?
- Hoekom hou jy van die persoon?
- Wanneer gaan jy dié persoon weer sien?

**OF**

## 2.2 DIALOOG

**Diens in die restaurant.**



[Uit: *Shuter's Hospitality Studies*]

Jy en jou gesin het verlede Saterdagaand by 'n restaurant gaan eet. Die diens was swak en julle is glad nie tevrede daarmee nie. Jou pa het die kelner nader geroep en gekla oor die feit dat julle lank moes wag, die verkeerde kos gebring is en die kos koud was.

Die kelner het elke keer probeer verduidelik en om verskoning gevra.

Skryf die gesprek tussen jou pa en die kelner in dialoogvorm neer.

Begin soos volg:

Pa: Kelner, kan jy asseblief hierheen kom? Ek het 'n probleem.

Kelner: Ja, Meneer, wat is die probleem?

*Onthou: Gebruik die regte dialoogvorm!*

**OF**

## 2.3 DAGBOEKINSKRYWING

**Liewe dagboek.**



[Uit: *Understanding everyday Xhosa*; Pam Wilken]

Jy is besig om die Seniorsertifikaat-eksamen te skryf. Jy leer hard daarvoor, maar jy was maar baie bang voor jy gaan skryf het.

Maak nou 'n dagboekinskrywing van DRIE aande tydens die eksamen. Beskryf hóé jy geleer het en hóé jy elke aand gevoel het.

Gebruik die riglyne wat vir jou gegee word.

Skryf die volgende vorm oor in jou antwoordboek:

| | |
|---|---|
| Liewe Dagboek | Datum |
| Môre skryf ek die moeilikste vraestel en … | |
| ____________________ | |
| ____________________ | |
| Liewe Dagboek: | Datum |
| Ek het vandag die lekkerste vraestel van die hele eksamen geskryf! | |
| ____________________ | |
| ____________________ | |
| Liewe Dagboek: | Datum |
| Vandag was die laaste dag van die eksamen en… | |
| ____________________ | |
| ____________________ | |

**TOTAAL AFDELING B: 20**

## AFDELING C ANDER KORTER SKRYFSTUKKE

## VRAAG 3

- Doen EEN vraag uit hierdie afdeling.
- Elke vraag in hierdie afdeling tel 20 punte.
- Die inhoud van die vraag moet 120 - 150 woorde lank wees.

3.1 MEMORANDUM

**Uitverkoping van items by die werk**

Daar is meubels by die werk wat lankal nie meer gebruik word nie en ander items wat net in die pad is. Die bestuurder het vir jou gesê dat jy hierdie goed moet verkoop.

Skryf nou 'n memorandum aan jou kollegas en vertel hulle wat alles verkoop gaan word. Daar moet ten minste tien verskillende items wees. Sê ook wat elke item gaan kos. Beantwoord die vraag op BYLAAG A bl. 12.

Hou die volgende in gedagte:

- Sê waar en wanneer die goed verkoop gaan word.
- Sê wat alles verkoop gaan word.
- Gee 'n volledige beskrywing van elke item wat op jou lys is en sê in watter toestand dit is.
- Sê hoe hulle vir die items moet betaal.

**OF**

3.2 VOLTOOI VORM

**Inskrywingsvorm vir supermodel.**



Daar is 'n kompetisie vir jong mans en meisies om die supermodel van die jaar in Suid-Afrika te word. Jy wil vir hierdie kompetisie inskryf en moet nou die vorm op BYLAAG B op bladsye 13 en 14 invul.

**OF**

3.3 UITNODIGING

**Uitnodiging na 'n partytjie**



[Uit: *Shuters Hospitality Studies* ]

Jy en 'n paar vriende het besluit om 'n partytjie te hou nadat julle klaar eksamen geskryf het. Skryf nou 'n uitnodiging aan jou maats waarin jy hulle na die partytjie uitnooi en hulle al die inligting oor die partytjie gee.

Voltooi die uitnodigingsvorm op BYLAAG C, bladsye 15 en 16.

**TOTAAL AFDELING C: 20**

**TOTAAL VAN VRAESTEL: 80**

# BYLAAG A

**EKSAMENNOMMER:** ____________

**SENTRUMNOMMER:** ____________

3.1 MEMORANDUM

| | |
|---|---|
| NAAM VAN DIE MAATSKAPPY: | |
| AAN: | |
| VAN: | |
| DATUM: | |
| ONDERWERP: | (5) |
| | |
| BOODSKAP: | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | (15) |
| | **[20]** |


GAUTENG

**BYLAAG B**


**EKSAMENNOMMER:**

| |
|---|
| |

**SENTRUMNOMMER:**

| |
|---|
| |

3.2 INSKRYWINGSVORM VIR SUPERMODEL



| | | |
|---|---|---|
| Naam en van: | | (1) |
| Adres: | | |
| | | |
| | | (1) |
| Kontaknommer: | | (1) |
| Geboortedatum: | | (1) |
| (skryf die maand in woorde) | | (1) |
| Hoogste graad geslaag: | | (1) |
| Lengte: | | (1) |
| Gewig: | | (1) |
| Kleur van die oë | | |
| Vorige ervaring in modelwerk: | | (1) |
| By watter modelskool is jy opgelei? | | (1) |

10 ÷ 2 (5)

**EKSAMENNOMMER:**

Beantwoord ook die volgende vrae:

Waarom stel jy belang om 'n model te word? (ongeveer 30 woorde)

Waarom dink jy dat jy 'n wenner is? (ongeveer 30 woorde)

Vertel meer van ander kompetisies wat jy al gewen het. (ongeveer 30 woorde)

Wat kan jy aan die agentskap teruggee as jy sou wen? (ongeveer 30 woorde)

(15)
**[20]**

**BYLAAG C**

**EKSAMENNOMMER:**

**SENTRUMNOMMER:**

3.3. UITNODIGING

**Uitnodiging.**



Wie is almal welkom? ______________________ (1)

Wanneer: ______________________ (1)

Waar: ______________________ (1)

Hoe laat: ______________________ (1)

RSVP: (1)

**EKSAMENNOMMER:**

| |
|---|
| |

| |
|---|
| Waarom word die partytjie gehou? (ongeveer 30 woorde) |
| |
| |
| |
| |
| |
| Wanneer, wat en hoe gaan daar vir die partytjie reggemaak word? (ongeveer 45 woorde) |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| Wat moet hulle alles na die partytjie toe saambring? (ongeveer 15 woorde) |
| |
| |
| |
| |
| Wat gaan julle alles by die partytjie doen? (ongeveer 30 woorde) |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |

(15)

**[20]**

Kopiereg voorbehou